# Ons KANDELAAR

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Jaargang 76 Nommer 26 5 Julie 2026


## Predikant


Dr. De Wet Saaiman
Wolkbergstraat 11
Noordheuwel
dsaaiman@isat.co.za
072-378-8759
011-954-4775




## Gereformeerde Kerk Krugersdorp

H/v Begin- en Premierstraat, Krugersdorp-Noord
Sel: 072 854 0953 E-pos: skriba@gkkrugersdorp.co.za
GPS: S26 05.389 O27 46.649
Webblad: www.gkkrugersdorp.co.za

## OGGENDDIENS SONDAG 5 JULIE – Teologiese student Johan Bezuidenhout

**Skrifgedeelte:** Jeremia 18:1-17
**Teksvers:** Jeremia 18:11
**Tema:** God is die Pottebakker, Sy kundige hande brei en vorm ons soos Hy wil.
God is die Pottebakker wat ons almal met Sy kundigheid gevorm en gemaak het. Van die begin af het God ons almal as mens, baie goed gemaak. Die mens het teen God gekies, maar God reik uit na die mens. In die begin het God ook die volk Israel ook gemaak, maar hulle het teen God gekies, maar God reik weer uit na Sy volk. So reik God ook uit na ons. Hierdie gedeelte is ‘n oproep om terug na God te draai en onder God se heerskappy te buig, en ook Hom toe te laat om ons kundig weer te vorm. Hierdie vorming is nodig sodat ons nuttige kruike kan wees in die koninkryk van God.

## SONDAG 5 JULIE 2026

Kollektes word via SnapScan gedoen of by die deure na die diens.
Eerste sakkie is vir Barmhartigheid.
Tweede sakkie is na die oggenddiens vir die Kerkkas.

Die tweede kollekte 12 Julie is na die oggenddiens vir die skole voedingsprojek.

**09:00 Oggenddiens: Teologiese student Johan Bezuidenhout**

- Geen Kleuterkerk tydens die skoolvakansie nie
- Geen Kinderbediening tydens die skoolvakansie nie
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 25 – Oudl. Len Dubery
- Diakonale Diensbeurt: Groep 4
- Geen Tee/Koffie tydens die skoolvakansie nie
- Geen Katkisasie tydens die skoolvakansie nie

**Geen Bybelskool**

## DIENSBEURTE SONDAG 12 JULIE 2026

- Geen Kleuterkerk tydens die skoolvakansie nie
- Geen Kinderbediening tydens die skoolvakansie nie
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 26 – Oudl. Francois Joubert snr
- Diakonale Diensbeurt: Groep 1
- Geen Tee/Koffie tydens die skoolvakansie nie
- Geen Katkisasie tydens die skoolvakansie nie

## VAN HUIS TOT HUIS

**<u>Gelukwense:</u>**

**Baie geluk aan ons 70-Plussers wat verjaar:**

**6 Julie**

- Sr Gerda Arnold
  (072 595 1103) Wyk 34

**7 Julie**

- Sr Anna Germishuys
  (082 566 4342) Wyk 5

**Baie geluk aan ons lidmate wat verjaar:**

**7 Julie**

- Sr Marianne Nel
  (082 468 7575) Wyk 7

**8 Julie**

- Sr Marisa vd Walt
  (084 765 4242) Wyk 6
- Sr Wytske van Wyk
  (083 601 6154) Wyk 4

**Baie geluk aan die volgende egpaar met die herdenking van hul huwelik**
**9 Julie**

- Br Wimpie en sr Janie Steyn (082 452 7626) Wyk 34 met hul 43ste herdenking

**Kennisgewing:**

- Neem kennis dat daar gratis boeke in die konsistorie is. belangstellendes kan dit daar kom kry.

## KENNISGEWINGBORD

**Kollektes: 28 Junie 2026**
R 1494.00 Oggend: Barmhartigheid
R 1071.00 Oggend: Deure/ EVT

**SnapScan: 28 Junie 2026**
R 1107.45 Oggend: Barmhartigheid
R 285.32 Oggend: Deure/ EVT

## *Beroepenuus*

Bevestiging

- Die bevestiging van Proponent ER (Eugene) du Plessis, as predikant van GK Kuruman vind op Sondag 5 Julie 2026 plaas. Die bevestiging word deur ds OJ (Ockie) Struwig, predikant van GK Frankfort, waargeneem.

***Koningskinders se maandbyeenkoms – 20 Junie 2026***

Uiteindelik het die Koningskinders weer ‘n holte vir die voet by Laerskool Ebenhaeser, of sommer Ebies, gevind. Die weer was koelerig maar gelukkig het ons ‘n hele rugbyveld gehad waar die kinders kon opwarm. Ek dink die broodjies wat vooraf uitgedeel is het hulle energie gegee.


Magda het hulle speletjies laat speel en Clasina het daarna die geestelike deel van ons program behartig. Sy het Psalm 23 met hulle bespreek. Daar was ‘n seun en ’n dogter wat albei die teks en wysie geken het, maar hulle was net ‘n bietjie skaam om dit voor almal op te sê. Sy het hulle ook vertel dat die skaapwagter ‘n stok en ‘n staf gehad het en die verskil tussen die twee is verduidelik. Die vrase “lengte” beteken vir altyd – almal is altyd welkom in die huis van die Here.

Nadat daar vir die kos gebid is, is ‘n maaltyd van maalvleis, pasta en kaassous voorgesit. Daarna was daar nog ‘n bederf van pakkies skyfies en lemoene wat in wiggies gesny was.

Dankie aan elkeen wat kom help het – ons het ook van twee ouers gebruik gemaak om hand by te sit. Gelukkig en met vol magies is die kinders huis toe en ons kon met ons voete in die lug by die huis gaan sit. Dankbaar teenoor die Here wat weer voorsien het.

Groete, Hannetjie Harris

## *Gedagte vir die week*



Ook tot in julle ouderdom is Ek die Here, tot in julle grysheid sal Ek julle dra. Ek het julle gemaak en Ek sal julle vashou, julle dra en julle red.
Jesaja 46:4

## *Bankbesonderhede*

Die besonderhede van die FNB-bankrekening is soos volg:
Rekeningnaam: Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Bank: FNB
Takkode: 255355 (My Branch)
Tjekrekening: 62876026511
Verwysing: Lidmaatnommer of Van; Spesifiseer asseblief waarvoor die EFT-betaling toegewys moet word

## *Ons Kandelaar Proeflesers*

Dr De Wet Saaiman (072 378 8759) en srs Corry Faling (082 421 8380); Maryke Coetsee (071 677 1381); Anne-Marie Venter (082 819 3272); Janet du Plooy (066 0022 991); en Meisie Naudé (083 655 5419); asook br Piet de Weerdt (083 455 6489).

## *PREEKPROGRAM – TWEEDE KWARTAAL 2026*

**<u>2026 Jaartema</u>: Die Jaar van God se genade**
**<u>Kwartaaltema</u>: Hemelvaart en Pinkster**

**<u>5 Julie (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)</u>**
Oggend: Besoekende/Ander predikant

**<u>12 Julie (Geen aanddiens)</u>**
Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees lei ons in die volle waarheid! Johannes 16:5-15 (T = Joh. 16:13).

**<u>19 Julie (Geen aanddiens)</u>**
Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees sug saam met jou en bid vir jou! Romeine 8:18-27 (T = Rom. 8:26, 27).

**SKOLE OPEN (21 Julie**

***Reddersburg Kersfees in Julie***



















